- (1) Die munisipaliteit, bewus van die grondwetlike reg wat elke persoon het op 'n omgewing wat nie skadelik is vir sy of haar gesondheid of welsyn, neem hierdie verordening aan met die doel die gesondheid en welsyn van alle inwoners te beskerm en te bevorder deur 'n omgewing te skep waarin die algemene publiek vrede en harmonie kan geniet.
- (2) By die implementering erken die munisipaliteit die infrastrukturele, maatskaplike en ekonomiese ongelykhede van die vorige plaaslike regeringstelsel en sal die munisipaliteit daarna streef om die ongelykhede te oorkom deur die nuwe doelwitte vir plaaslike regering soos bepaal in artikel 152 van die Grondwet te ondersteun.
- (3) Die bepalings van artikels 4(1), 14(1), 15(1), 21(1) en 26 is nie van toepassing op-

- (a) 'n perseel of grond wat vir bona fide landboudoeleindes aangewend word nie; of
 - (b) 'n perseel of grond wat deur die munisipaliteit geïdentifiseer is waar die aanhou van diere of die bedryf van troeteldiersalonne, troeteldierwinkels of honde- en katteherberge toelaatbaar is en as sodanig aangedui word in 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of soneringskema.
- (4) 'n Persoon wie diere aanhou op persele soos bedoel in subartikel (3) word nie vrygestel van die bepalings van enige ander verordeninge van die munisipaliteit of wetgewing met betrekking tot die ontstaan of veroorsaking van 'n openbare oorlas nie.

HOOFSTUK 1

ALGEMENE BEPALINGS INSAKE OPENBARE OORLASTE

3. Verbode openbare oorlaste

- (1) Niemand mag 'n openbare oorlas veroorsaak nie.
- (2) 'n Openbare oorlas word veroorsaak deur, maar is nie beperk nie tot –
 - (a) die aanhou van diere of reptiele, uitgesluit troeteldiere, op 'n perseel tensy die perseel ingevolge 'n toepaslike dorpsaanlegskema gesoneer is vir die aanhouding van sodanige diere of reptiele;
 - (b) toe te laat dat 'n dier, reptiel of hond-
 - (i) op openbare of privaatgrond, wat nie die grond is waarop dit aangehou word nie, aanwesig is, tensy dit onder behoorlike beheer is, en in die geval van 'n hond, aan 'n leiband is nie;
 - (ii) aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly; of
 - (iii) hom op so 'n wyse gedra dat dit 'n oorlas is vir aangrensende eienaars.
 - (c) in die geval van 'n persoon in beheer van 'n hond in 'n straat of op openbare grond, te versuim om die ontlasting van sodanige hond te verwyder;
 - (d) die aanhou van troeteldiere op so 'n wyse dat dit 'n oorlas veroorsaak of 'n potensiële oorlas veroorsaak word;
 - (e) die oornag parkering van meer as een swaar voertuig of boot op 'n perseel wat vir residensiële doeleindes gesoneer is;
 - (f) die parkering van 'n implement op 'n perseel wat vir residensiële doeleindes gesoneer is;
 - (g) die herstel, was, onderhoud of diens van 'n swaar voertuig, boot of implement op 'n perseel wat vir residensiële doeleindes gesoneer is;
 - (h) die parkering van 'n voertuig, swaar voertuig, boot of implement op 'n perseel op sodanige wyse dat dit die grense van die perseel waarop dit geparkeer is, oorskry;

- (i) die afvuur van vuurwerke op of oor privaatgrond op so 'n wyse dat die vuurwerk of gedeelte daarvan op aangrensende persele mag land;
- (j) die bedryf van 'n besigheid of die betrokkenheid by soortgelyke aktiwiteite op 'n residensiële perseel, nie teenstaande enige goedkeuring deur die munisipaliteit verleen in terme van stadsbeplanningswetgewing, op so 'n wyse dat 'n oorlas vir aangrensende eienaars veroorsaak word deur:
 - (i) die toename in die aktiwiteit tot so 'n mate dat die beperkinge en voorwaardes soos neergelê deur die munisipaliteit by die oorspronklike goedkeuring daarvan oorskry word;
 - (ii) die berging van goedere of materiale op die perseel;
 - (iii) die bedryf van 'n pomp, kompressor, waaier of soortgelyke masjinerie op so 'n wyse dat vibrasie of geraas op aangrensende persele veroorsaak word;
 - (iv) die gebruik van spuitverf of ander vlugtige stowwe op so 'n wyse dat sproei, reuke of gasse na ander persele versprei;
 - (v) die vervaardiging, of aktiwiteite verwant aan vervaardiging van goedere of materiale;
 - (vi) die frekwensie van aflewings of die aandoen van persone op die perseel;
 - (vii) die frekwensie van oplaai- en aflaai vanaf voertuie in die straat of op die perseel;
 - (viii) die samedromming van werknemers op of naby die perseel;
 - (ix) die frekwensie van aankoms, vertrek of parkering van voertuie in die straat of op die perseel wat verband hou met die aktiwiteite op die perseel;
- (k) toe te laat dat vakante grond of geboue:
 - (i) onooglik raak of aanstootlik voorkom of verval raak tot so 'n mate dat die waardes van aangrensende eiendomme nadelig geraak word;
 - (ii) 'n tuiste vir plakkers of leegglêers word;
 - (iii) oorgroei raak met verwaarloosde gras, bome, struik of ander bewerkte of onbewerkte plantegroei;
 - (iv) onooglik word deur 'n versameling van papiere, kartonne, tuinafval, rommel en ander afvalmateriaal; of
 - (v) 'n stortingsterrein word vir afvalmateriaal;
- (l) met betrekking tot besigheidspersone, toe te laat dat:
 - (i) afval wat op die perseel gegeneer word in 'n straat vullishouer gestort word;
 - (ii) afval wat op die perseel gegeneer word gestort word op 'n gedeelte daarvan wat toeganklik is vanaf 'n straat of sygaardjie, tensy dit gestort word in 'n vullishouer wat deur die munisipaliteit goedgekeur is;
 - (iii) goedere vertoon of verkoop word op 'n gedeelte van die perseel, wat nie deel vorm van 'n straat of sygaardjie nie, maar wat toeganklik is vanaf 'n straat of sygaardjie;
 - (iv) 'n voertuig geparkeer word op so 'n wyse dat dit of 'n gedeelte daarvan op 'n straat of sygaardjie uitsteek;
 - (v) 'n metode van reklame of promosie die effek het dat dit 'n verwarring of gevaar veroorsaak vir verbygaande verkeer of voetgangers, 'n

- samedromming van mense in die omgewing van die perseel veroorsaak, of dat voetgangers verhinder word om die sygaardjie voor die perseel te gebruik;
- (vi) winkelrollies verbonde aan die besigheid in 'n straat of parkeerarea versamel tot so 'n mate dat voertuig- of voetgangerverkeer daardeur benadeel of in gevaar gestel word;
 - (vii) 'n verkoeler, kompressor, waaier of ander masjinerie bedryf word op 'n wyse wat vibrasie of geraas veroorsaak word op aangrensende persele;
 - (viii) 'n toename in die frekwensie van aflewings of aandoeners by die perseel tot so 'n mate dat die okkupeerders van aangrensende persele se normale toegang tot hulle eie persele belemmer word;
 - (ix) voertuie verbonde aan die perseel voor aangrensende persele geparkeer word op so 'n wyse dat okkupeerders verhoed word om met hulle normale aktiwiteite aan te gaan;
 - (x) enige stoep, veranda of steeg gebruik word vir die berging, opstapeling, storting, wegdoen, vertoon of hou van goedere of voorraad;
- (m) met betrekking tot algemene gedrag in strate, parkeervakke, parkeerareas en openbare plekke-
- (i) te skree, te gil, te fluit of enige ander geraas te maak om aandag te trek op so 'n wyse dat 'n oorlas daardeur veroorsaak word;
 - (ii) 'n voertuig tot stilstand te bring of te bestuur op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
 - (iii) fietse of soortgelyke toestelle in groepe te ry op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
 - (iv) rollies of soortgelyke toestelle te stoot of te parkeer op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
 - (v) in groepe te loop of te staan op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
 - (vi) goedere of items in kruisings vir verkoop aan te bied op 'n wyse wat die aandag van voertuigbestuurders aftrek;
 - (vii) dienste of goedere vir verkoop aanbied langs 'n pad op 'n wyse waarop voetganger- of voertuigverkeer belemmer word of die aandag van voertuigbestuurders afgetrek word;
 - (viii) 'n voertuig wat deur diere getrek word te gebruik op tye en op strate waar hewige voertuigverkeer ondervind word;
 - (ix) in 'n beskonke of dwelmbenewelde toestand te verkeer op 'n wyse wat 'n oorlas veroorsaak;
 - (x) wanordelik op te tree;
- (n) die vertoning van enigiets wat visueel aanstootlik is;
- (o) die bedryf van enige toestel wat radio- en televisieontvangs versteur;
- (p) rondsientery in enige straat of openbare plek;
- (q) deur dronk of onder die invloed van dwelms te wees;
- (r) die uitlokking of oorreding van enige persoon vir die doeleindes van prostitusie of 'n ander immorele daad;

- (s) aan te hou om te bedel van 'n persoon of om 'n persoon te agtervolg nadat sodanige persoon negatief gereageer het op die bedelary;
 - (t) harde musiek te speel of die gebruik van musiekinstrumente op enige perseel op 'n wyse wat 'n oorlas veroorsaak;
 - (u) 'n persoon wat homself of haarself of enige dier was of bad in 'n openbare stroom, poel, watertrog, standkraan, fontein of op enige plek wat nie deur die munisipaliteit vir sodanige doel aangewys is nie.
- (3) (a) Waar daar 'n oortreding van enige van die bepalings van hierdie artikel plaasvind kan die munisipaliteit 'n kennisgewing op die eienaar of okkupeerder of beweerde oortreder beteken om binne 'n bepaalde tyd die handeling te staak of die oorlas uit die weg te ruim. By versuim om aan sodanige kennisgewing gevolg te gee en sonder inkorting van die munisipaliteit se reg om vervolging in te stel, kan die munisipaliteit alle nodige maatreëls tref om die oorsaak of bron van sodanige oorlas te verwyder en enige koste in verband daarmee aangegaan is deur die munisipaliteit verhaalbaar op die persoon wat verantwoordelik is vir die oorlas of die eienaar of okkupeerder van die perseel waarop die oorlas ontstaan of voortgesit word, ongeag of die eienaar of okkupeerder daarvoor verantwoordelik is aldan nie.
- (b) Waar enige beboude of onbeboude grond of perseel in die omgewing van 'n straat vir enige doel deur ongemagtigde persone gebruik word of dat enige van die materiale of dinge in subartikel (2) vermeld op sodanige grond of perseel geplaas of gestort word, kan hy skriftelike kennis aan die eienaar of okkupeerder daarvan beteken waarin daar van hom vereis word om die grond of perseel voor 'n bepaalde datum tot sy bevrediging in te sluit of te omhein. Elke sodanige insluiting of omheining moet van sodanige aard en so gebou wees dat dit die toegang van ongemagtigde persone daartoe of die storting of ophoping van materiale of dinge daarop sal verhoed.
- (4) Vir die toepassing van hierdie verordening word enige handeling of toestand wat die veiligheid van 'n persoon of eiendom in gevaar stel of wat onsinnelik, ergerlik, hinderlik, aanstootlik of rusversteurend is vir ander mense, as 'n openbare oorlas beskou.
- (5) 'n Persoon wat enige van die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, of versuim om aan 'n kennisgewing wat regtens daaronder uitgereik is te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

HOOFSTUK 2

ALGEMENE BEPALINGS INSAKE DIE AANHOU VAN DIERE

4. Toestemming om diere aan te hou

- (1) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit enige diere, met uitsondering van troeteldiere, op enige perseel of eiendom aanhou of toelaat dat dit daarop aangehou word nie.
- (2) Enige persoon wat aansoek doen om 'n permit om 'n wilde dier aan te hou moet, wanneer so 'n aansoek ingevolge subartikel (1) ingedien word, die munisipaliteit

voorsien van 'n aanhoudingspermit wat deur die Departement van Ekonomiese Sake, Omgewing en Toerisme uitgereik is.

- (3) Bye mag slegs aangehou word op persele wat vir landboudoeleindes gesoneer is en die munisipaliteit mag die aantal byekorwe sowel as die tipe, getal, en geslag van diere wat aangehou mag word, bepaal asook die gebiede waarbinne die aanhou van sodanige diere en bye verbied word.
- (4) Ten einde 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te oorweeg moet die munisipaliteit ook die insette en kommentaar van die eienaars of bewoners van omliggende residensiële persele bekom.
- (5) Enige persoon wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om aan 'n vasstelling in terme van subartikel (3) te voldoen, pleeg 'n misdryf.

5. Planne vir strukture en bestuur

Die munisipaliteit mag van persone wat aansoek doen om diere aan te hou vereis om 'n aansoekvorm in te dien en dat sodanige aansoekers gedetailleerde planne moet indien wat aan die munisipaliteit se spesifikasies moet voldoen.

6. Oorweging van aansoek en oplê van voorwaardes

- (1) Die munisipaliteit kan, na oorweging van-
 - (a) insette of kommentaar verkry ingevolge artikel 4(4);
 - (b) die ligging, geografiese kenmerke of grootte van die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gerig word;
 - (c) die dokumente en uiteensettings ingevolge artikel 5 ingedien; of
 - (d) enige ander inligting wat op die aansoek betrekking het, insluitend maar nie beperk nie tot weiding, omheining en beskikbaarheid van water 'n aansoek weier of goedkeur.
- (2) Indien 'n aansoek geweier word, moet die munisipaliteit die redes vir sodanige weiering aan die applikant verstrek en hom/haar terselfdertyd in kennis stel van die reg van appèl ingevolge artikel 27.
- (3) By die goedkeuring van 'n aansoek mag die munisipaliteit voorwaardes oplê.

7. Sigbaarheid van strukture op persele

- (1) Alle strukture waarin diere aangehou word moet toepaslik afgeskerm word van enige straat.
- (2) Enige persoon wat die bepalings van subartikel (1) oortree pleeg 'n misdryf.

8. Kwytskelding van vereistes en intrekking van magtigings

Nieteenstaande bogemelde bepalings mag die munisipaliteit, na oorweging van voorwaardes ten opsigte van die eiendom en op voorwaarde dat geen beswaar van die eienaars of bewoners van omliggende persele ontvang is nie, enige of alle vereistes van hierdie gedeelte opskort en ander voorwaardes instel, indien

toepaslik, en kan hy enige magtiging ingevolge artikel 6(3) intrek indien daar nie voldoen word aan enige voorwaardes daarin neergelê nie.

9. Geldigheid van magtigings

Alle magtigings om diere aan te hou wat uitgereik is ingevolge enige verordening of regulasie wat herroep word, sal geag word as sou dit ingevolge hierdie verordening uitgereik wees.

10. Pligte van die bewaarder van diere

- (1) Die eienaar van 'n dier of die persoon in beheer daarvan –
 - (a) mag nie veroorsaak of toelaat dat 'n dier die gewone gerief, gemak, vrede en rus van ander mense versteur nie;
 - (b) moet sodanige dier van slaapplek, skuiling, water en behoorlike kos voorsien;
 - (c) moet ten alle tye die perseel waarop 'n dier aangehou word en alle gepaardgaande toebehore in goeie en netjiese toestand hou om te voorkom dat 'n openbare oorlas ontstaan;
 - (d) moet beheer oor sy of haar diere uitoefen ten einde skade aan eiendom of tuine te verhoed; en
 - (e) mag nie enige dier op enige gedeelte van 'n openbare pad laat, toelaat dat dit op 'n openbare pad is nie en mag 'n dier ook nie op enige plek laat van waar dit op enige deel van 'n openbare pad mag afdwaal nie.
- (2) Waar enige van die bepalings van subartikel (1) oortree word, mag die munisipaliteit enige dier verwyder en 'n kennisgewing beteken aan die eienaar, okkupeerder of beweerde oortreder om te voldoen aan die bepalings van subartikel (1) binne die gestipuleerde tydperk;
- (3) Waar enige van die bepalings van hierdie verordening of wetgewing met betrekking tot die beskerming van diere oortree word, mag die munisipaliteit enige beampte van die Dierebeskermingsvereniging in kennis stel vir optrede in terme van die Dierebeskermingswet, 71 van 1962;
- (4) Wanneer die eienaar, okkupeerder of beweerde oortreder die munisipaliteit in kennis stel dat daar voldoen is aan 'n kennisgewing uitgereik in terme van subartikel (2), kan die munisipaliteit sodanige dier terugbesorg en die koste aangegaan deur die munisipaliteit van sodanige eienaar, okkupeerder of beweerde oortreder verhaal;
- (5) In die geval van nie-nakoming van die kennisgewing beteken in terme van subartikel (2), en sonder benadeling van die munisipaliteit se reg om vervolging in te stel, sal enige dier wat ingevolge subartikel (2) verwyder is as geskut geag word en sal die munisipaliteit se Skutverordening van toepassing wees;
- (6) Enige persoon wat die bepalings van subartikel (1) oortree pleeg 'n misdryf.

11. Diere wat op 'n onbevredigende wyse aangehou word

- (1) Wanneer ookal diere wat op enige perseel aangehou word 'n openbare oorlas is, kan die munisipaliteit by wyse van 'n skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel aansê om die oorsaak van sodanige oorlas te verwyder.
- (2) Die munisipaliteit mag die stappe voorskryf wat geneem moet word of die werk wat gedoen moet word om die oorsaak van die oorlas te verwyder of an enige oorlas te verminder.
- (3) Enige aktiwiteite wat deur die eienaar in terme van subartikel (1) onderneem word is vir die eienaar se rekening.
- (4) Indien 'n eienaar versuim om die stappe in terme van subartikel (1) te neem, kan die munisipaliteit die nodige stappe neem en die kostes van die eienaar verhaal.
- (5) Enige persoon wat versuim om aan 'n kennisgewing in terme van subartikel (1) te voldoen, pleeg 'n misdryf.

12. Afmaak en sterilisasie van diere

- (1) Die munisipaliteit mag die afmaak of vernietiging van 'n dier gelas wanneer dit-
 - (a) gevaarlik of boosaardig is;
 - (b) sodanig beseer of siek is dat dit menslik sou wees om dit te doen.
- (2) Wanneer diere ingevolge subartikel (1) afgemaak word moet dit gedoen word deur 'n geregistreerde veearts of waar so 'n veearts nie beskikbaar is nie, deur 'n gemagtigde beampte met sodanige instrumente of toestelle as wat nodig mag wees en op 'n wyse geskied wat so min lyding as moontlik veroorsaak.
- (3) 'n Gemagtigde beampte mag 'n hond of kat laat steriliseer indien hy of sy dit nodig ag-
 - (a) vir die welsyn van die hond of kat;
 - (b) om 'n oorlas te voorkom;
 - (c) waar die hond of kat 'n rondloperdier is; of
 - (d) op versoek van die eienaar,en die koste van sodanige sterilisasie mag van die eienaar verhaal word.
- (4) Die eienaar van 'n gesteriliseerde hond of kat moet bewys van sodanige sterilisasie van 'n geregistreerde veearts verkry en dit op versoek van 'n gemagtigde beampte toon;
- (3) Enige persoon wat versuim om aan 'n bevel, soos beoog in subartikel (1), te voldoen of subartikel (2), (3) of (4) oortree, pleeg 'n misdryf.

13. Smous met diere

- (1) Geen persoon mag met 'n dier smous in 'n straat of openbare plek of vanaf 'n mobiele struktuur of 'n voertuig nie.
- (2) 'n Persoon wat subartikel (1) oortree is skuldig aan 'n misdryf.

HOOFSTUK 3**BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN HONDE EN KATTE*****Deel 1 – Algemene Bepalings ten opsigte van honde en katte*****14. Getal honde en katte**

- (1) Behoudens die bepalings van artikel 15 mag niemand op enige perseel-
 - (a) meer as twee honde; en
 - (b) meer as twee katte,aanhou sonder die toestemming van die munisipaliteit nie.
- (2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet 'n uiteensetting bevat van die ras, geslag en getal honde en katte waarvoor aansoek gedoen word.
- (3) 'n Beperking wat ingevolge artikel 17 opgelê is op die getal diere wat op 'n perseel aangehou mag word, geld nie vir 'n tydperk van 10 weke vanaf die datum van geboorte van 'n werpsel van 'n dier wat met toestemming aangehou word nie.
- (4) 'n Persoon wat enige van die bepalings van subartikel (1) oortree is skuldig aan 'n misdryf.

15. Telers van honde en katte

- (1) 'n Teler van honde of katte wat meer as twee honde of katte wil aanhou moet die toestemming van die munisipaliteit verkry.
- (2) Enige persoon wat versuim om die munisipaliteit se goedkeuring in terme van subartikel (1) te bekom, pleeg 'n misdryf.

16. Telers van troeteldiere

- (1) 'n Persoon wat met troeteldiere teel moet aansoek doen om die toestemming van die munisipaliteit.
- (2) Die bepalings van artikel 5 is met die nodige aanpassing van toepassing op 'n aansoek ingevolge subartikel (1).
- (3) 'n Persoon wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

17. Voorwaardes en beperkings

Die munisipaliteit se toestemming ingevolge artikels 4, 14(1), 15(1) en 16(1) mag onderhewig wees aan sodanige voorwaardes en beperkings as wat die munisipaliteit in oorleg met 'n ander verantwoordelike owerheid mag nodig ag om op te lê.

18. Terugtrek van toestemming

- (1) Waar 'n persoon enige voorwaarde of beperking opgelê ingevolge artikel 17 oortree of versuim om daaraan te voldoen, sal die munisipaliteit geregtig wees om, nadat die persoon aangehoor is, sy toestemming terug te trek en die diere van die perseel te laat verwyder vir veilige bewaring deur 'n dierewelsynsorganisasie of skut.
- (2) Enige koste wat deur die munisipaliteit aangegaan is vir die verwydering en veilige bewaring van diere bedoel in subartikel (1) sal van die eienaar of persoon in beheer van sodanige diere verhaal word.

19. Honde, katte of perde in openbare plekke

- (1) Onderworpe aan die bepalings van die Verordening op Openbare Geriewe, mag die eienaar of bewaarder van 'n hond, kat of perd dit nie in 'n straat of openbare plek bring of dit toelaat om daar te wees nie tensy die hond deur 'n verantwoordelike persoon aan 'n leiband gehou word en die kat of perd onder fisiese beheer is van die eienaar of bewaarder daarvan.
- (2) Niemand mag 'n hond of perd binne 50 meter vanaf 'n kennisgewing wat die teenwoordigheid van 'n hond of perd verbied bring of toelaat dat dit daar gebring word nie;
- (3) Behalwe in die geval van 'n blinde persoon wat deur 'n gidshond begelei word, moet 'n persoon in beheer van 'n hond in 'n straat of openbare plek die ontlasting van sodanige hond verwyder deur dit in plastiek of papier toe te draai en te plaas in 'n houër wat vir rommel of vullis voorsien is.
- (4) 'n Persoon wat enige bepaling van subartikels (1), (2) of (3) oortree pleeg 'n misdryf.

Deel 2 – Spesifieke bepalings met betrekking tot honde**20. Beheer oor en lisensiëring van honde**

- (1) Niemand wat die eienaar van 'n hond is mag-
 - (a) sodanige hond aanhou tensy 'n lisensiefooi wat deur die munisipaliteit bepaal is betaal is nie en sodanige persoon moet op aanvraag van 'n gemagtigde beampte die kwitansie vir sodanige betaling toon;
 - (b) toelaat dat enige hitsige teef sonder toesig in 'n straat of openbare plek is nie;
 - (c) enige hond aanspoor om enige persoon of dier aan te val, lastig te val of bang te maak nie, behalwe waar dit nodig is vir die verdediging van sodanige eersgenoemde persoon of sy of haar eiendom;

- (d) 'n hond aanhou indien die perseel waarop die hond aangehou word nie behoorlik en voldoende omhein is om sodanige hond binne te hou wanneer dit nie aan 'n leiband is nie.
 - (e) toelaat dat enige hond waarvan hy die eienaar is of wat deur sodanige persoon aangehou word-
 - (i) op private eiendom oortree nie;
 - (ii) 'n gevaar uitmaak vir verkeer wat enige openbare pad gebruik nie;
 - (iii) 'n bron van gevaar of besering uitmaak of na sy wete waarskynlik 'n bron van gevaar of besering sal uitmaak vir enige persoon buite die perseel waarop sodanige hond aangehou word nie, of
 - (iv) 'n bron van gevaar is vir die munisipaliteit se werknemers wat sodanige perseel betree met die doel om hul pligte uit te voer nie. 'n Kennisgewing ten effekte dat 'n hond op sodanige perseel aangehou word, moet op 'n opvallende plek vertoon word.
 - (f) enige hond aanhou wat –
 - (i) deur te blaf, te kef, te tjank of te huil;
 - (ii) in die gewoonte geraak het om af te storm op enige voertuie, diere, pluimvee, duiwe of persone buite enige perseel waar die hond aangehou word, of
 - (iii) deur hom op enige ander wyse te gedra, die gewone gemak, gerief, vrede of rus van bure weselik versteur nie.
- (2) Die munisipaliteit kan op enige hond wat in 'n straat of openbare plek gevind word strydig met die bepalings van hierdie verordening, beslag lê en skut.
- (3) 'n Hond wat kragtens subartikel (2) geskut is, kan aan die eienaar of bewaarder van so 'n hond vrygestel word teen betaling van 'n bedrag soos deur die munisipaliteit bepaal.
- (4) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie artikel oortree is skuldig aan 'n misdryf.

HOOFSTUK 4

HONDEHERBERGE, KATTERYE, TROETELDIERSALONNE EN TROETELDIERWINKELS

21. Toestemming om te bedryf

- (1) Geen hondeherberg, kattery, troeteldiersalon of troeteldierwinkel mag bedryf word sonder die toestemming van die munisipaliteit nie, welke goedkeuring aan voorwaardes onderworpe mag wees.
- (2) 'n Persoon wat 'n hondeherberg, kattery, troeteldiersalon of troeteldierwinkel bedryf mag nie toelaat dat die besigheid op so 'n wyse bedryf word dat dit 'n openbare oorlas of ongerief vir ander mense is nie.
- (3) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie artikel oortree is skuldig aan 'n misdryf.

HOOFSTUK 5

SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE

22. Diensleweringreëlings

Ten einde optimale dienslewering ingevolge hierdie verordening te verseker, kan die munisipaliteit ooreenkomste aangaan met die distriksmunisipaliteit met wie wetgewende en uitvoerende gesag gedeel word.

23. Bevoegdhede van die Munisipaliteit in die geval van 'n nalate deur die Distriksmunisipaliteit

Indien die dienslewering waarna in artikel 22 verwys word belemmer word deur die weiering of versuim van die distriksmunisipaliteit om enige van die reëlings wat in 'n ooreenkoms voorsien is, mag die munisipaliteit, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet rakende samewerkende regering soos bepaal in artikel 41 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, voortgaan en effek gee aan dusdanige reëling en enige uitgawes wat in verband daarmee aangegaan word van die distriksmunisipaliteit verhaal.

HOOFSTUK 6

ALGEMENE BEPALINGS

24. Reg van toegang en inspeksie

- (1) Enige behoorlik gemagtigde werknemer van die munisipaliteit is gemagtig om enige perseel binne die munisipale gebied te inspekteer ten einde te bepaal of daar aan die bepalings van die verordening voldoen word; met dien verstande dat 'n private woning nie vir roetine inspeksie doeleindes betree mag word sonder die toestemming van die eienaar of okkupeerder nie;
- (2) Wanneer 'n perseel ingevolge subartikel (1) binnegegaan word, moet die gemagtigde werknemer op versoek van enige persoon, hom/haarself identifiseer deur 'n geskrewe bewys van magtiging te toon.
- (3) Die gemagtigde werknemer mag vergesel word van 'n persoon van wie dit redelikerwys verwag word om te help in die uitvoer van die inspeksie.
- (4) Iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die munisipaliteit indien hy toegang tot grond of 'n perseel versoek, of wat hom dwarsboom of hinder in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordening, of wat versuim of weier om inligting te verstrek wat wettiglik van hom vereis kan word of vals of misleidende inligting aan sodanige behoorlik gemagtigde werknemer van die munisipaliteit verstrek, welwetende dat dit vals of misleidend is, is skuldig aan 'n misdryf.

25. Bediening van dokumente en geregtelike stappe

- (1) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument gemagtig is of nodig is om bedien te word op 'n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees-
 - (a) wanneer dit persoonlik aan hom afgelewer is;

- (b) wanneer dit by sy plek van inwoning of besigheid in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat duidelik ouer as sestiën jaar is;
 - (c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan sy laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek en 'n erkenning van die versending verskaf word;
 - (d) indien sy adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit aan sy agent of verteenwoordiger in die Republiek bedien is op so 'n manier soos bepaal deur paragraaf (a), (b) of (c), of
 - (e) indien sy adres en agent in die Republiek onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom, indien enige, waarop dit betrekking het.
- (2) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument bedien moet word aan 'n persoon sal dit nie nodig wees om hom by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as hy daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.

26. Oorgangsbepalings

'n Persoon wat tydens die inwerkingtrede van hierdie verordening meer diere aanhou as die getal in artikel 4(2) mag nie diere vervang wanneer een of meer daarvan te sterwe kom of weggemaak word nie.

27. Appèl

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit van die munisipaliteit, kan teen daardie besluit appelleer ingevolge artikel 62 van die Munisipale Stelselwet, 32 van 2000, deur binne 21 dae na die datum van verwittiging van die besluit, skriftelike kennis van die appèl en redes aan die munisipale bestuurder te gee.

28. Strawwe

Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of nalaat om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf en in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n boete vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur; en 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

29. Vrystellings

Nieteenstaande die bepalinge van die verordening, mag die munisipaliteit enige persoon of klas van persone vrystel van enige of al hierdie vereistes en mag dit enige ander vereistes opleë wat dit as geskik beskou.

30. Gemeenskapskakelforums

- (1) Die Munisipaliteit mag skakelforums in 'n gemeenskap instel vir die doel om –

- (a) geleenthede vir die gemeenskap te skep om deel te neem aan die aangeleenthede van die munisipaliteit;
 - (b) die bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing;
- (2) 'n Skakelforum mag bestaan uit –
- (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep, of geaffekteerde persoon;
 - (b) 'n lid of lede van die gemeenskap; en
 - (c) 'n aangewese beampte of beamptes van die Munisipaliteit; en
- (3) (a) Die Munisipaliteit mag wanneer 'n aansoek om toestemming, permit of vrystelling sertifikaat oorweeg word ingevolge hierdie verordening, waar van toepassing, die insette van 'n skakelforum versoek.
- (b) 'n Skakelforum of enige persoon of persone gedoel in subartikel (2) mag op eie inisiatief, 'n inset aan die Munisipaliteit vir oorweging stuur.

31. Herroeping van Verordeninge

Die volgende verordening en die bepalings van enige verordening wat met die bepalings van hierdie verordening instryd is, word hiermee herroep:

Beaufort Wes Munisipaliteit:

Munisipale Kennisgewing No.	Provinsiale Kennisgewing No.	Titel	Omvang van herroeping
149/2005	Provinsie Wes-Kaap Provinsiale Koerant No. 6312 dateer 04 November 2005	Verordening insake die Voorkoming en Beheer van Openbare Oorlaste	In geheel

32. Kort titel en aanvang

Die verordening sal bekend staan as die Verordening insake Openbare Oorlaste en die Aanhou van Diere en tree in werking op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
BEAUFORT-WES
6970

J. Booyen
MUNISIPALE BESTUURDER

[1/1/5/1; 1/1/5/3] - 17.01.2014

HESSEQUA MUNISIPALITEIT:

VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal die munisipaliteit van Hessequa hiermee soos volg:-

INHOUDSOPGAWE

1. Woordomskrywing

HOOFSTUK 1: TOEPASSING VAN REËLS

2. Toepassing

3. Aanvulling

HOOFSTUK 2: VERGADERINGS

4. Aanvang van vergadering

5. Volgorde van sake

6. Speaker kan dringende aangeleentheid indien

7. Sake vir afhandeling

8. Vergaderings

9. Bywoning van vergaderings

10. Verlof vir afwesigheid

11. Sanksie vir nie-bywoning

12. Notules

13. Kworum

HOOFSTUK 3: BESLUIITE

14. Onbestrede aangeleenthede
15. Wyse van stemming
16. Besluite
17. Onbestrede sake

HOOFSTUK 4: TOEGANG VIR PUBLIEK

18. Toelating van publiek
19. Nie-openbaarmaking van aangeleenthede
20. Uitsluiting van die publiek en media van vergaderings
21. Hertoelating van publiek en media tot vergaderings
22. Uitnodiging aan nie-lid
23. Afvaardigings

HOOFSTUK 5: ORDE OP VERGADERINGS

24. Gedrag van nie-lede en lede van die publiek
25. Gedrag van lede
26. Misdrywe

HOOFSTUK 6: REËLS VIR DEBATVOERING

27. Lid spreek Speaker aan
28. Ordereëlings
29. Voorrang van Speaker
30. Relevansie
31. Reg om te praat
32. Duur van toesprake

33. Herindiening van mosie of vraag
34. Kennisgewings van mosie
35. Kennisgewings van vraag
36. Afwesigheid van voorsteller of vraesteller
37. Mosies en vrae oor aangeleenthede deur 'n komitee hanteer
38. Aanbeveling van 'n komitee as mosie beskou
39. Vrae
- 40 Dringende mosie
41. Mosies van orde
42. Punt van orde
43. Punt van verduideliking
44. Terugtrekking van mosie, amendement of vraag
45. Speaker se beslissing oor 'n mosie of punt van orde en verduideliking
46. Volgorde van bespreking
47. Wysiging van mosie
48. Uitstel van oorweging van die aangeleentheid
49. Verdaging van die raad tot 'n ander datum
50. Verdaging van die raad vir 'n bepaalde tyd
51. Verdaging van die debat
52. Dat die aangeleentheid tot stemming gebring word
53. Verwydering van die aangeleentheid van die sakelys

HOOFSTUK 7: PROSES VIR DIE AANNAME VAN VERORDENINGE

54. Indiening van konsepverordeninge
55. Indiening deur lid
56. Indiening deur uitvoerende burgemeesterskomitee
57. Eerste indiening by raad
58. Publikasie
59. Tweede indiening by raad

60. Debatsprosedure

HOOFSTUK89: DIVERSE BEPALINGS

61. Strawwe

62. Herroeping van verordeninge

63. Kort titel en inwerkingtrede

1. WOORDOMSKRYWING

In hierdie verordening, geniet die Afrikaanse teks voorkeur in die geval van enige konflik met die Engelse weergawe, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken –

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**kennis**” die gee van kennis van vergaderings welke kennis skriftelik moet wees en dit sluit elektroniese pos in;

“**kode**” die Gedragskode vir Raadslede soos in artikel 54 en Bylae 1 van die Stelselwet uiteengesit;

“**komitee**” ‘n komitee van die Raad ingestel ingevolge artikel 79 van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998) en ‘n portefeuljekomitee van die Raad ingestel ingevolge artikel 80 van die Strukturewet;

“**lid**” ‘n lid van die raad, van sy komitees en die UBK;

“**lede van die raad**” beteken dieselfde getal lede as wat in die artikel 12 kennisgewing ingevolge die Strukturewet bepaal is;

“**Minister**” die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Plaaslike Regering in die Provinsie die Wes-Kaap;

“**mosie**” ‘n mosie waarvan kennis deur ‘n lid gegee is, maar nie ook ‘n mosie soos in artikels 39 en 40 van Stelselwet beoog nie;

“**munisipale bestuurder**” ‘n persoon deur die raad aangestel ingevolge die Stelselwet, of ‘n persoon deur die munisipale bestuurder gedelegeer

“party” ‘n party in die Strukturewet bedoel;

“raad” die munisipale raad van Hessequa;

“reëls” die bepalings van hierdie verordening (alternatiewelik hierdie Ordereëls);

“Speaker” die lid gekies tot voorsitter van die raad of enige ander lid wat as voorsitter van die raad waarneem en die voorsitters van die komitees van die raad en lede wat in daardie hoedanighede waarneem;

“Stelselwet” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

“Strukturewet” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

“UBK” die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat nie ‘n komitee van die Raad is nie;

“vergadering” die vergaderings van die raad asook enige komitee van die raad en die UBK.

HOOFSTUK 1: TOEPASSING VAN REËLS

2. Toepassing

(1) Hierdie reëls is op alle vergaderings van die Raad asook, met die nodige aanpassing, enige komitee van die Raad en die UBK van toepassing en alle vergaderings wat uit die werksaamhede van enige van voorgenoemde voortspuit.

(2) Tensy dit klaarblyklik onvanpas is, is ‘n reël wat in enige verrigtinge op lede van toepassing is, ook van toepassing op ‘n nie-lid wat met die goedkeuring van die Speaker aan daardie verrigtinge deelneem.

3. Aanvulling

(1) Die Speaker kan ‘n beslissing maak ten opsigte van enige gebeurlikheid waarvoor hierdie reëls nie voorsiening maak nie, en geen verdere bespreking word oor die beslissing toegelaat nie.

(2) Die beslissing van die Speaker moet in die notule aangeteken word.

(3) 'n Beslissing van die Speaker kan, na afloop van die vergadering, skriftelik deur 'n lid bevraagteken word en welke bevraagtekening en die antwoord daarop deur die Bestuurder: Korporatiewe Dienste tydens die daaropvolgende vergadering gerapporteer sal word.

HOOFSTUK 2: VERGADERINGS

4. Aanvang van vergadering

Die Speaker moet die stoel inneem presies op die tyd waarvoor die vergadering belê is en moet, behoudens die bepalinge van artikel 13, onmiddellik met die sake van die vergadering begin.

5. Volgorde van sake

(1) Die sake van vergaderings moet in die volgende volgorde op die sakelys verskyn-

- (a) verkiesing van waarnemende Speaker, indien nodig;
- (b) aansoeke om verlof vir afwesigheid;
- (c) verklarings en mededelings deur die Speaker;
- (d) verklarings en mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester;
- (e) goedkeuring van notule;
- (f) onderhoude met afvaardigings (indien deur die Speaker goedgekeur);
- (g) oorweging van onafgehandelde items en sake.
- (h) oorweging van verslae;
- (i) dringende aangeleenthede deur die munisipale bestuurder voorgelê;
- (j) oorweging van kennisgewings van mosies;
- (k) oorweging van kennisgewings van vrae;
- (l) oorweging van dringende mosies;
- (m) Items-in-komitee
- (n) Dringende sake deur Munisipale Bestuurder voorgelê
- (o) Afsluiting

(2) Die Speaker kan uit eie beweging, of op versoek van 'n sweep die volgorde van die sake op die sakelys verander.

(3) 'n Lid wat die volgorde van sake op die sakelys wil verander, moet die Speaker voor die vergadering nader en enige wysigings berus in die uitsluitlike diskresie van die Speaker.

(4) Sakelyste mag in elektroniese formaat voorsien word.

6. Speaker kan dringende aangeleentheid indien

Die Speaker kan te eniger tyd en sonder kennisgewing enige tersaaklike verklaring maak of dringende saak voorlê welke sake bespreek mag word.

7. Sake vir afhandeling

Uitgesonderd soos in hierdie reëls bepaal, mag geen aangeleentheid wat nie op die sakelys van 'n vergadering van die raad vermeld is nie, op sodanige vergadering behandel word nie.

8. Raadsvergaderings

(1) Die raad moet ten minste kwartaalliks vergader en kennis van ten minste drie werksdae moet van elke gewone raadsvergadering gegee word.

(2) Die Speaker besluit waar en wanneer die raad vergader, maar as 'n meerderheid van die lede die Speaker skriftelik versoek om 'n vergadering te belê, moet die Speaker 'n vergadering belê op 'n tyd in die versoek vermeld.

(3) Die munisipale bestuurder moet, in opdrag van die Speaker, aan elke lid skriftelik kennis gee van elke vergadering waarop ingevolge subartikel(2) besluit is.

(4) Die munisipale bestuurder moet aan die publiek kennis gee van die dag, tyd en plek van elke vergadering deur 'n kennisgewing te publiseer in 'n plaaslike koerant deur hom of haar bepaal: met dien verstande dat hy of sy van hierdie vereiste kan afwyk wanneer tydsbeperkings dit onmoontlik maak ten opsigte van dringende vergaderings.

(5) Wanneer 'n vergadering belê is, mag dit nie gekanselleer, verskuif, uitgestel of verdaag word nie tensy dit ingevolge die bepalings van artikels 13, 48 of 49 geskied.

(6) Indien die amp van speaker vakant is of die speaker om welke rede ookal nie self 'n vergadering kan belê nie, mag die munisipale bestuurder sodanige vergadering belê met dien verstande dat, nadat vasgestel is dat 'n kworum vir die vergadering bestaan, daar onmiddellik tot die verkiesing van 'n waarnemende speaker oorgegaan word en die verkose waarnemende speaker neem daarna die voorsitterstoel in.

9. Bywoning van vergaderings

(1) Elke lid wat 'n vergadering van die raad of komitee waarvan hy of sy lid is bywoon, moet sy of haar naam teken in die bywoningsregister wat vir die doel gehou word.

(2) 'n Lid moet elke vergadering van die raad of komitee waarvan hy of sy lid is bywoon, tensy:

- (a) verlof vir afwesigheid ingevolge artikel 10 verleen is; of
- (b) die lid hom of haar kragtens wet moet onttrek; of
- (c) die lid deur die raad of 'n gedelegeerde aangewys is om die munisipaliteit elders amptelik te verteenwoordig; of
- (d) die lid ingevolge artikel 25(2) die vergadering verlaat het.

10. Verlof vir afwesigheid

(1) 'n Lid wat wil wegbly van vergaderings, moet voordat hy of sy aldus wegbly, verlof vir afwesigheid van die raad verkry: met dien verstande dat die Speaker, om goeie redes, verlof vir afwesigheid kan verleen aan 'n lid wat deur spesiale omstandighede verhinder word om verlof vir afwesigheid van die raad te verkry op voorwaarde dat sodanige lid skriftelik daarom aansoek doen en die rede vir die lid se voorgenome afwesigheid verskaf.

(2) In die geval van buitengewone omstandighede mag die Speaker verlof vir afwesigheid aan 'n lid toestaan indien die lid nie in staat was om skriftelik aansoek te doen nie.

11. Sanksie vir nie-bywoning

(1) 'n Lid wat sonder verlof van 'n vergadering wegbly of wat versuim om aan die begin

Van die vergadering teenwoordig te wees of wat versuim om op so 'n vergadering teenwoordig te bly, oortree hierdie reëls.

(2) 'n Komitee bestaande uit die Speaker en 'n lid deur elk van die twee grootste politieke partye aangewys, moet enige oortreding in subartikel (1) bedoel, ondersoek en verslag daaroor doen aan die raad.

(3) Die komitee wat deur die raad aangewys is, moet sy sake doen in ooreenstemming met die vaste prosedures soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal.

(4) As die komitee bevind dat 'n lid subartikel (1) oortree het, moet die lid beboet word kragtens die boeteskedule soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal.

(5) 'n Lid wat van drie of meer opeenvolgende vergaderings afwesig is wat hy of sy ingevolge artikel 9 moet bywoon, moet onderhewig aan bekragtiging deur die Minister sy of haar amp as raadslid ontruim.

(6) Verrigtinge vir die ampsontruiming van 'n lid ingevolge subartikel (5) of vir die oplegging van 'n boete ingevolge subartikel (4) moet gevoer word in ooreenstemming met die eenvormige vaste prosedure wat die raad ingevolge subartikel (3) bepaal.

12. Notules

(1) Notules van die verrigtinge van vergaderings moet in gedrukte vorm saamgestel word en moet op die volgende vergadering deur die raad goedgekeur word en deur die Speaker onderteken word. In uitsonderlike gevalle waar onduidelikheid oor 'n spesifieke item in 'n notule bestaan, mag die notule goedgekeur word sonder daardie item. Die item moet dan by die eersvolgende vergadering, nadat die bandopname van die betrokke item nagegaan is, in sy bestaande of gewysigde vorm aanvaar word.

(2) Die notule word vir die doel van goedkeuring as gelees beskou indien 'n eksemplaar daarvan binne 'n redelike tydperk, maar minstens drie werksdae voor die volgende vergadering aan elke lid gestuur is.

(3) Geen mosie of bespreking oor die notule word toegelaat nie, tensy die juistheid daarvan bevraagteken word.

13. Kworum

(1) 'n Meerderheid van die lede maak 'n kworum uit.

(2) Wanneer daar nie 'n kworum is nie, moet die aanvang van die vergadering met hoogstens 30 (dertig) minute vertraag word, en as daar aan die einde van daardie tydperk nog nie 'n kworum is nie, moet die Speaker die vergadering verskuif na 'n ander tyd, datum en plek na sy of haar goëddunke en moet hy of sy die name van die teenwoordige lede aanteken.

(3) Wanneer die Speaker nie teenwoordig is nie en daar nie 'n kworum is nie, moet die aanvang van die vergadering met hoogstens 30 (dertig) minute vertraag word, en as daar aan die einde van daardie tydperk nog nie 'n kworum is nie, mag die vergadering nie plaasvind nie en moet die munisipale bestuurder die name van die teenwoordige lede aanteken.

(4) Wanneer daar tydens die verloop van 'n vergadering nie 'n kworum is nie, moet die Speaker die verrigtinge opskort totdat daar weer 'n kworum is: Met dien verstande dat as daar na 10 minute nog nie 'n kworum is nie moet die Speaker die vergadering verdaag.

(5) Wanneer 'n vergadering verdaag word omdat daar nie 'n kworum is nie, moet die tyd van sodanige verdaging asook die name van die teenwoordige lede in die notule aangeteken word.

(6) Die Speaker moet die name van die afwesige lede voorlê aan die komitee wat ingevolge artikel 11(2) ingestel is ten einde te ondersoek of hierdie reë(e)ls verbreek is waarna die komitee dadelik met sy werksaamhede moet begin.

HOOFSTUK 3: BESLUIE

14. Onbestrede aangeleenthede

Wanneer die raad versoek word om 'n aangeleentheid voor hom te oorweeg en daar ingevolge artikel 17(3) geen teenkanting van enige lid oor die aangeleentheid is nie, moet 'n eenparige stemming in die notule aangeteken word.

15. Wyse van stemming

(1) Die Speaker moet 'n stemming hou oor elke item wat teengestaan word, deur die lede te versoek om deur die opsteek van hande, tensy anders voorgeskryf deur die wet, aan te dui of hulle vir of teen sodanige mosie is, waarna die Speaker die uitslag van sodanige stemming bekend moet maak.

(2) Wanneer die Speaker die uitslag van 'n stemming bekend maak, kan 'n lid versoek dat sy of haar stem teen die betrokke besluit aangeteken word, en die munisipale bestuurder moet seker maak dat sodanige stem in die notule aangeteken word.

(3) As daar 'n staking van stemme is ten opsigte van 'n mosie waarvoor 'n stemming gehou word in ooreenstemming met subartikel (1), moet die Speaker sy of haar beslissende stem uitbring benewens sy of haar gewone stem: Met dien verstande dat die Speaker nie 'n beslissende stem mag uitbring ten opsigte van enige aangeleentheid vervat in artikel 160(2) van die Grondwet, 1996 nie.

(4) Onmiddellik nadat 'n saak aan 'n vergadering van die raad gestel is met die doel dat daarvoor gestem word, of onmiddellik nadat die besluit waartoe daar deur die opsteek van hande geraak is, deur die Speaker bekend gemaak is, kan enige twee raadslede 'n hoofdelike stemming eis.

(5) Wanneer 'n hoofdelike stemming gaan plaasvind, moet die Speaker dit aankondig en sal daar onmiddellik tot stemming oorgegaan word.

(6) Wanneer 'n hoofdelike stemming plaasvind, moet die munisipale bestuurder die name van al die raadslede in alfabetiese volgorde uitroep, die stem van elke aanwesige raadslid as "voor" of "teen" aanteken en die name van afwesige raadslede aanteken.

(7) Die Speaker moet op grond van sodanige hoofdelike stemming die besluit van die raad bekend maak, asook die getal raadslede wat ten gunste van of teen die saak gestem het.

- (b) the premises adheres to the requirements of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977, (Act 103 of 1977); the City of Cape Town Community Fire Safety By-law, 2007 and any other permission granted by the City; and
- (c) there is adequate lighting on the outside of the premises where patrons and staff access and exit the licensed premises.

Nuisances

12. A licensee selling liquor to the public must take reasonable steps to ensure that the residents of the surrounding community are not unreasonably affected and inconvenienced by noise or other nuisances emanating from the premises.

Offences and Penalties

13. Any licensee who –

- (a) contravenes sections 3; 4; 5; 6; 7; 8(7); 10; 11 or 12;
- (b) fails to comply with any compliance notice served in connection with this By-law,

is guilty of an offence and is upon conviction, liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding three years, or to both such fine and such imprisonment.

Right of Appeal

14. Any licensee or objector whose rights have been affected by a final decision taken by a subcouncil with regards to –

- (a) an application for extended trading days and hours ; or
- (b) the amendment or revocation of extended trading days and hours,

may appeal against that final decision in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000).

Repeal

15. The following By-laws are hereby repealed:

- (a) The City of Cape Town: Liquor Trading Days and Hours By-law, 2010 (PG6788; LA 22327); and
- (b) The City of Cape Town: Liquor Trading Days and Hours By-law, 2010 as amended in 2012 (PG6990; LA 24493).

Short title

16. This By-law is called the City of Cape Town: Control of Undertakings that Sell Liquor to the Public By-Law, 2013.

SCHEDULE
Trading hours for on-consumption licensed premises

Location category & licensed premises type	Maximum permitted trading hours
1. Residential area	
Guest accommodation establishment	11:00 – 23:00
Business premises	
Place of entertainment	
Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
Hotel	11:00 – 02:00 following day
Casino	
2. Local business or neighbourhood business area including mixed use areas	
Guest accommodation establishment	11:00 – 23:00
Business premises	
Place of entertainment	
Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	11:00 – 24:00
Hotel	11:00 – 02:00 following day
Casino	
3. General business area	
Guest accommodation establishment	11:00 – 02:00 following day
Business premises	
Place of entertainment	
Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
Hotel	
Casino	
4. Industrial area	
Business premises	11:00 – 02:00 following day
Place of entertainment	
Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
5. Agricultural area	
Guest accommodation establishment	11:00 – 02:00 following day
Business premises	
Place of entertainment	
Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
Winery	
Hotel	
6. Small holding or rural area	
Guest accommodation establishment	11:00 – 24:00
Business premises	
Place of entertainment	
Sports and community club excluding special events requiring temporary licences	
Winery	

7. Other ad-hoc locations	
Vehicles or mobile undertakings used for tourist or entertainment or recreational purposes as per definition of 'premises' in section 1 of the Act, except where City of Cape Town Special Events By-law determines otherwise	11:00 – 24:00
Special events or temporary licensed premises	As determined by City of Cape Town Event Permit granted in terms of the City of Cape Town Events Policy and approved by the appropriate Sub Council
8. Cape Town International Airport	
Limited to the International Passenger Departures Area	00:00 – 24:00

Note: Determination of applicable location category

Where the location category as set out above is unclear or in dispute or difficult to determine or areas are not zoned homogeneously (e.g. a business zoned premises in the middle of a residential area), the actual zoning, consent or departure use rights of the subject licensed premises will take precedence in order to determine the category.

STAD KAAPSTAD: BEHEER VAN ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP, 2013

GOEDGEKEUR DEUR RAAD: 4 DESEMBER 2013,
C58/12/13



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

THIS CITY WORKS FOR YOU

Stad Kaapstad: Verordening op Beheer van Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop, 2013

Om voorsiening te maak vir die beheer van ondernemings wat drank aan die publiek verkoop, wat insluit die beheer van handelstye ten einde 'n veilige en gesonde omgewing in die Stad Kaapstad te verseker; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

Aanhef

AANGESIEN 'n munisipaliteit kragtens artikel 156 van die Grondwet verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer;

AANGESIEN dit die Stad se voorneme is om handelstye en toepassingsmeganismes vas te stel vir die beheer van gelisensieerde ondernemings wat drank aan die publiek verkoop en wat binne die regsgebied van die Stad Kaapstad geleë is;

DAAROM VERORDEN die Raad van die Stad Kaapstad nou soos volg:—

UITLEG

Woordomskrywings

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

“algemenesake-area” 'n area wat oorwegend algemene sake of enige ander ekwivalent gesoneer is met die doel om ekonomiese aktiwiteit in 'n sakedistrik en ontwikkelingskorridor te bevorder, en sluit 'n wye verskeidenheid grondgebruike soos sake-, residensiële en gemeenskapsgebruike in;

“bevolkingsertifikaat” 'n okkupasiesertifikaat gerig op die voorkoming en beheer van oorbevolking soos beoog in die Stad Kaapstad: Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid, 2002;

“binneverbruikperseel” die besigheidsplek en ligging waarbinne drank verkoop en verbruik word;

“buiteverbruikperseel” die besigheidsplek waarvandaan 'n lisensiehouer drank verkoop wat op 'n plek weg van die besigheidsplek verbruik gaan word;

“casino” 'n casino soos omskryf in die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet 7 van 2004), en sluit 'n hotel, sakeperseel, lokaal waar geleenthede aangebied word, vermaaklikheidsplek of ander ontspanningsfasiliteit of toeriste-aantreklikheid as deel van die kompleks in;

“die Wet” die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008);

“drank” drank soos in die Wet omskryf;

“gasteakkommodasie-onderneming” ’n perseel wat as tydelike residensiële akkommodasie gebruik word en sluit die voorsiening van maaltye aan verbygaande gaste teen vergoeding in en sluit ’n oornagplek vir rugsakreisigers, ’n bed-en-ontbytonderneming, gastehuis en gasteplaas of vakansiehuisoornagplek sowel as fasiliteite vir sakebyeenkomste, konferensies, geleenthede of opleidingsessies vir inwonende gaste in, maar sluit ’n hotel uit;

“gemagtigde beampte” ’n gedelegeerde werknemer van die Stad se direktoraat: veiligheid en sekuriteit se eenheid vir toepassing en nakoming van drankwetgewing, en sluit enige ander gemagtigde beampte wat gedelegeer is om die bepalings van hierdie verordening toe te pas, in;

“georganiseerde funksie” ’n viering, partytjie of soortgelyke feestelikheid wat by ’n gelisensieerde perseel gehou word;

“gesoneer” gesoneer, na gelang van die geval, ingevolge die Stad Kaapstad se Soneringskemaregulasies; en **“sonering”** het ’n ooreenstemmende betekenis;

“hotel” ’n perseel wat as tydelike residensiële akkommodasie vir verbygaande gaste gebruik word waar huisvesting of maaltye teen vergoeding verskaf word, en sluit die volgende in –

- (a) ’n restaurant wat deel van die hotel uitmaak;
- (b) ’n konferensie- en vermaaklikheidsfasiliteit wat ondergeskik en aanvullend tot die oorheersende gebruik van die perseel as ’n hotel is; en
- (c) ’n perseel wat gelisensieer is om drank vir verbruik binne die eiendom te verkoop, maar ’n buiteverbruikfasiliteit, gasteakkommodasie-onderneming, woonhuis of wooneenheid uitsluit;

“kleinhoewe of landelike area” ’n area wat oorwegend landelik of enige ander ekwivalent gesoneer is met die doel om voorsiening te maak vir kleiner landelike eiendomme wat vir landbou gebruik kan word, maar wat ook hoofsaaklik as woonplekke gebruik kan word in ’n omgewing wat meer landelik van aard is;

“landbou-area” ’n area wat oorwegend landbou of enige ander ekwivalent gesoneer is met die doel om landbou-aktiwiteit op ’n plaas te bevorder en te beskerm as ’n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron, waar beperkte voorsiening gemaak word vir ander gebruike as landbou, wat eienaars die geleentheid bied om die ekonomiese potensiaal van hul eiendomme te verhoog sonder om ’n beduidende negatiewe impak op die primêre landbouhulpbron te hê;

“lisensiehouer” ’n persoon wat gelisensieer is om drank ingevolge die Wet te verkoop en sluit die bestuurder wat vir die bestuur van die besigheid verantwoordelik is en aan dieselfde pligte, verpligtinge en aanspreeklikhede as die lisensiehouer onderworpe is, in;

“nywerheidsarea” ’n area wat oorwegend algemene nywerheid of enige ander ekwivalent gesoneer is, ten einde voorsiening te maak vir alle soorte nywerhede wat vervaardiging en verwante prosesse insluit, maar hinderbedrywe of gevaarlike risikoaktiwiteite uitsluit;

“opskortingskennisgewing” ’n skriftelike kennisgewing om verlengde drankhandelsdae en -ure op te skort soos in artikel 8 beoog;

“persoon” ’n natuurlike persoon of ’n regspersoon;

“plaaslike sake- of buurtsake-area” ’n area wat oorwegend plaaslike sake- of gemengde gebruik of enige ander ekwivalent gesoneer is met die doel om voorsiening te maak vir kommersiële en gemengdegebruiksontwikkeling van ’n lae intensiteit wat in die plaaslike behoefte aan geriefsgoedere en persoonlike dienste of kleinskaalse sake voorsien of as oorgang tussen algemene sake-, nywerheids- en aanliggende residensiële areas dien;

“Raad” die munisipale raad van die Stad;

“residensiële area” ’n area wat oorwegend informeel, enkel- of algemeen residensiële of enige ander ekwivalent gesoneer is, met die doel om voorsiening te maak vir hoofsaaklik enkelfamiliewoonhuise in lae- tot mediumdigtheid woonbuurte sowel as huisvesting met ’n hoër digtheid en waarby beheerde geleenthede vir indiensneming, bykomende wonings en gemengdegebruiksonwikkeling van lae intensiteit ingesluit is;

“sakeperseel” ’n eiendom waarvandaan sake bedryf word en kan ’n restaurant, kroeg of taverne of ander gebou vir soortgelyke gebruike insluit, maar sluit ’n vermaaklikheidsplek, gasteakkommodasie-onderneming, hotel, sport- en gemeenskapsklub uit;

“sport- en gemeenskapsklub” ’n perseel of fasiliteit wat gebruik word vir die byeenkom van gemeenskap- of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat meesal sonder winsoogmerk bedryf word en kan gemeenskapdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke nutsfasiliteite insluit, maar sluit ’n nagklub uit;

“Stad” die Stad Kaapstad, ’n munisipaliteit ingestel deur die Stad Kaapstad Instellingkennisgewing 479 van 22 September 2000, uitgereik ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, of enige struktuur of werknemer van die Stad wat kragtens gedelegeerde magtiging optree;

“standaardhandel” handelsdae en handelsure soos beoog in artikels 4 en 5 van hierdie verordening, en sluit verlengde handelsdae en -ure wat deur die Stad ingevolge artikel 6 van hierdie verordening goedgekeur mag word, uit;

“subraad” ’n politieke substruktuur van die Raad aan wie sekere bevoegdhede en pligte van die Raad gedelegeer is;

“verkoop” sluit in –

- (a) om te verskaf, te verruil, vir verkoop aan te bied, vir die doel van verkoop te vertoon; of
- (b) om ’n verkoping, verskaffing, verruiling, aanbod om te verkoop of vertoon vir verkoop te magtig, te gelas of toe te laat;

vir die verruil van geld of vir enige ander soort teenprestasie; en **“verkoping”** het ’n ooreenstemmende betekenis;

“vermaaklikheidsplek” ’n plek wat oorwegend vir kommersiële vermaak gebruik word wat relatief groot getalle mense kan lok, buite standaardbesigheidsure bedryf word of op ’n gereelde grondslag geraas weens klankversterkte of lewendige musiek of joligheid voortbring, en sluit ’n bioskoop, teater, pretpark, danssaal, gimnasium, totalisator of fasiliteit om weddenskappe te plaas, dobbelsaal, karaokekroeg en nagklub in, maar sluit ’n casino uit;

“voldoeningskennisgewing” ’n skriftelike opdrag van ’n gemagtigde beampte soos beoog in artikel 7;

“vonkelwyn” ’n bruiswyn wat ontstaan as gevolg van die gisting van druiwe, hetsy deur natuurlike of kunsmatige prosesse, en sluit sjampanje in;

“wynmakery” ’n perseel of fasiliteit wat in die vervaardiging van wyn gebruik word, en sodanige perseel of fasiliteit sluit in fasiliteite vir die pars en gisting van druiwe en veroudering van wyn, proelokale, vat- en bergingskamers, bottelingskamers, tenkkamers, laboratoriums of kantore en ander bykomstige of aanvullende fasiliteite wat met die produksie van wyn verband hou, waarby ingesluit is –

- (a) ’n restaurant en ander voedseldienste; of
- (b) ’n geaffilieerde fasiliteit wat by die klein maat aan toergroepe of besoekers verkoop.

Aansoek

2. Hierdie verordening is van toepassing op lisensiehouers wat binne die regsgebied van die Stad drank aan die publiek verkoop.

Algemene verbod

3. Geen persoon mag drank aan die publiek vir binneverbruik of buiteverbruik verkoop nie –

(a) buite die dae en ure wat deur die Stad vasgestel is; en

(b) sonder 'n geldige dranklisensie wat uitgereik is soos in die Wet beoog.

STANDAARDHANDELSTYF**Binneverbruikpersele**

4. (1) 'n Lisensiehouer mag drank vir verbruik binne die gelisensieerde perseel op die volgende dae en ure verkoop:

(a) op enige dag van die week; en

(b) gedurende die handelsure soos in die Bylae uiteengesit.

(2) 'n Lisensiehouer mag 'n klant toelaat om drank klaar te verbruik op 'n tyd wanneer die verkoop van drank nie deur hierdie verordening toegelaat word nie, maar mag sodanige verbruik op die perseel nie vir langer as 30 minute na die tyd wat deur hierdie verordening toegelaat word, toelaat nie.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie verordening, mag 'n lisensiehouer soos in subartikel (1) beoog, vonkelwyn verkoop aan gaste wat deel van 'n georganiseerde funksie is waar bywoning beheer word –

(a) van 08:00 tot 11:00 vir sewe dae 'n week; en

(b) as deel van 'n maaltyd.

(4) 'n Hotel of gasteakkommodasie-onderneming wat gelisensieer is om drank vir binneverbruik te verkoop, kan toegang tot 'n kroegfasiliteit in elke privaat suite of kamer verskaf vir die genot van 'n gas wat sodanige privaat suite of kamer bewoon.

Buiteverbruikpersele

5. 'n Lisensiehouer mag drank vir buiteverbruik enige dag van die week van 09:00 tot 18:00, buiten Sondag, verkoop.

VERLENGDE HANDELSTYDE

Aansoek om verlenging van dae en ure

6. (1) Behoudens subartikels (5), (6) en (7), kan 'n lisensiehouer by betaling van die nodige gelde 'n skriftelike aansoek by die Stad indien om die drankhandelsdae en -ure van 'n gelisensieerde perseel te verleng.

(2) Die Stad kan 'n aansoek om 'n verlenging van drankhandelsdae en -ure vir beide binne- en buiteverbruikpersele goedkeur, wysig of weier.

(3) 'n Aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure word nie outomaties hernu nie en –

(a) moet op 'n jaarlikse grondslag by die Stad ingedien word vir oorweging; en

(b) kan deur die Stad goedgekeur word, onderworpe aan die oplegging van voorwaardes vir verlengde drankhandelsdae en -ure.

(4) Geen aansoek sal deur die Stad vir goedkeuring oorweeg of verwerk word gedurende die tydperk wat op 1 Desember begin en op 15 Januarie van die volgende jaar eindig nie.

(5) Geen lisensiehouer van 'n binneverbruikperseel wat in kategorie 1, 2 en 6 in die Bylae geleë is, mag aansoek doen om 'n verlenging van drankhandelsure nie.

(6) Die Stad kan 'n aansoek om 'n verlenging van drankhandelsure goedkeur, wysig of weier –

(a) tot 04:00 die volgende dag vir 'n binneverbruikperseel wat in kategorie 3 tot 5 van die Bylae val; en

(b) tot 20:00 van Maandag tot Saterdag vir 'n buiteverbruikperseel.

(7) Die Stad kan 'n aansoek vir handel op Sondag tussen die ure 11:00 tot 18:00 vir 'n buiteverbruikperseel goedkeur, wysig of weier.

(8) Geen regte val 'n lisensiehouer wat 'n aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure ingedien het toe alvorens so 'n lisensiehouer die bewys van skriftelike goedkeuring van die Stad ontvang het nie.

(9) Die Stad moet, voordat 'n aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure goedgekeur word, verdere faktore op 'n redelike en billike wyse oorweeg, wat onder andere moet insluit –

(a) die geldigheid van die dranklisensie;

(b) waar van toepassing, die geldigheid van 'n besigheidslisensie wat ingevolge die Wet op Besighede van 1991 (Wet 71 van 1991) uitgereik is;

(c) liggingskategorie volgens die Bylae;

(d) vorige opskorting, wysiging of herroeping van verlengde handelsdae en -ure, wat insluit vorige rekords van klagtes wat ondersoek en bevestig is ten opsigte van die afgelope twaalf maande wat 'n huidige aansoek vir verlenging voorafgaan;

- (e) die nabyheid van die gelisensieerde perseel aan omliggende residensieel-gesoneerde areas, kulturele, godsdienstige en opvoedkundige fasiliteite;
 - (f) die uitkoms van oorlegpleging met die gemeenskap en die aanbeveling van die betrokke wyk;
 - (g) die potensiële impak op die omliggende omgewing;
 - (h) of dit in die openbare belang is om 'n verlenging van handelsdae of -ure goed te keur en toe te staan; of
 - (i) 'n motivering van die aansoeker wat gaan oor die impak van –
 - (i) die risiko's en steurnisse vir die omliggende gemeenskap;
 - (ii) versagtingsmaatreëls om met die beheer van risiko's en steurnisse te help; en
 - (iii) moontlike voordele van verlengde drankhandelsure en -dae vir die omliggende gemeenskap.
- (10) Die grondslag van en beweegrede vir alle besluitneming moet aangeteken word.

Voldoeningskennisgewing

7. (1) 'n Gemagtigde beampte kan 'n voldoeningskennisgewing aan 'n lisensiehouer beteken waarin sodanige lisensiehouer opdrag gegee word om aan die bepalings van hierdie verordening te voldoen.

(2) Die voldoeningskennisgewing moet die volgende spesifiseer:

- (a) die oortreding en die regstelling van die oortreding wat verwag word;
- (b) die tydraamwerk waarbinne die lisensiehouer die oortreding moet regstel en moet voldoen aan enige wettige opdrag wat in die voldoeningskennisgewing vervat is; en
- (c) die gevolge van versuim om aan paragraaf (a) en (b) te voldoen.

(3) 'n Lisensiehouer begaan 'n oortreding as sodanige lisensiehouer versuim om die opdragte wat in 'n voldoeningskennisgewing vervat is, na te kom.

Opskorting, wysiging en herroeping van verlengde drankhandelsdae en -ure

8. (1) 'n Gemagtigde beampte kan –

- (a) nadat die tydraamwerk wat in die voldoeningskennisgewing gespesifiseer is, verstryk het; en

- (b) nadat 'n opskortingskennisgewing aan die lisensiehouer beteken is, verlengde handelsdae en -ure onmiddellik vir 'n tydperk van hoogstens 7 werkdag opskort.
- (2) Die opskortingskennisgewing –
- (a) moet die redes en die tydraamwerk waarbinne so 'n opskorting van verlengde drankhandelsdae en -ure van krag sal wees, spesifiseer; en
- (b) die subraad spesifiseer by wie verslag van sodanige opskorting gedoen sal word.
- (3) Die gemagtigde beampte moet onmiddellik aan die subraad verantwoordelik vir daardie area in die Stad van sodanige opskorting verslag doen en die kriteria bevestig wat die besluit om 'n opskortingskennisgewing aan die lisensiehouer te beteken, beïnvloed het.
- (4) Die kriteria in subartikel (3) beoog, kan insluit –
- (a) oortreding van hierdie verordening; en
- (b) versuim om die voldoeningkennisgewing na te kom.
- (5) Die subraad –
- (a) moet die opskortingsverslag van die gemagtigde beampte oorweeg;
- (b) moet die lisensiehouer toelaat om skriftelike verhoë te rig;
- (c) moet die besluit van die gemagtigde beampte om die verlengde handelsure van die gelisensieerde perseel op te kort bekragtig, wysig of herroep;
- (d) kan die verlengde handelsdae en -ure onmiddellik wysig of herroep, en
- (6) Die subraad moet die lisensiehouer onmiddellik skriftelik inlig van enige besluit geneem en stappe gedoen ingevolge subartikel (5).
- (7) Geen persoon mag voortgaan om drank aan die publiek te verkoop gedurende die tydperk waartydens die verlengde drankhandelsdae en -ure opgeskort, gewysig of herroep is nie.
- (8) Die Stad kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies aan inkomste wat 'n lisensiehouer gedurende enige tydperk van opskorting van handelsdae en -ure ly nie.
- (9) Die Stad moet die Wes-Kaapse Drankowerheid inlig van enige besluit om die verlengde handelsure te bekragtig, te wysig of te herroep.

VOORKOMING VAN VERKOOP VAN DRANK EN BESLAGLEGGING OP DRANK

Voorkoming van verkoop van drank en beslaglegging op drank

- 9.** (1) Die Stad kan, in die geval waar die lisensiehouer hierdie verordening oortree het en versuim het om 'n voldoening- of opskortingskennisgewing wat beteken is, na te kom –
- (a) voorkom dat drank verkoop word; en
- (b) beslag lê op enige drank op die perseel ooreenkomstig die prosedures soos beoog in die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).

(2) Waar die verkoop van drank voorkom word en beslag op drank gelê word soos in subartikel (1) beoog, kan die Stad enige koste wat deur die Stad aangegaan word, op die lisensiehouer verhaal.

Vertoon van naamborde, bevolkingsertifikaat en ander verpligtinge van die lisensiehouer

10. (1) Die lisensiehouer moet toesien dat die tersaaklike goedkeuring met betrekking tot handelsure en sonering saam met die bevolkingsertifikaat altyd aanwesig is en op die perseel vertoon word.

(2) Lisensiehouers moet toesien dat die gelisensieerde persele alle omgewing-, beplanning- en veiligheidswetgewing en voorwaardes wat deur die Stad opgelê is, nakom en daaraan voldoen.

Veiligheid en sekuriteit

11. Die lisensiehouer moet toesien dat redelike veiligheid- en sekuriteitsmaatreëls getref word vir die beskerming van klante van die gelisensieerde perseel deur toe te sien dat, onder andere –

- (a) die berging van goedere en toerusting en die toestand van die perseel en enige struktuur daarop nie 'n gevaar vir die veiligheid van klante binne die perseel inhou nie;
- (b) die perseel voldoen aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), die Stad Kaapstad se Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid, 2007, en enige ander toestemming wat deur die Stad verleen is; en
- (c) daar toereikende verligting aan die buitekant van die perseel is waar klante en personeel die gelisensieerde perseel binnekom en verlaat.

Steurnisse

12. 'n Lisensiehouer wat drank aan die publiek verkoop moet redelike stappe doen om te verseker dat die inwoners van die omliggende gemeenskap nie onredelik geraak en verontrief word deur geraas of ander steurnisse wat van die perseel afkomstig is nie.

Misdrywe en strawwe

13. Enige lisensiehouer wat –

- (a) artikels 3; 4; 5; 6; 7; 8(7); 10; 11 of 12 oortree;
- (b) versuim om te voldoen aan enige voldoeningskennisgewing wat in verband met hierdie verordening beteken is,

is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens drie jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

Reg van appèl

14. Enige lisensiehouer of beswaarmaker wie se regte geraak is deur 'n finale besluit wat deur 'n subraad geneem is met betrekking tot –

- (a) 'n aansoek om verlengde drankhandelsdae en -ure; of
- (b) die wysiging of herroeping van verlengde handelsdae en -ure,

kan ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) teen daardie finale besluit appelleer.

Herroeping

15. Die volgende verordeninge word hiermee herroep:

- (a) Die Stad Kaapstad: Verordening op Drankhandelsdae en -ure, 2010 (PK 6788; LA 22327); en
- (b) Die Stad Kaapstad: Verordening op Drankhandelsdae en -ure, 2010, soos gewysig in 2012 (PK 6990; LA 24493).

Kort titel

16. Hierdie verordening word die Stad Kaapstad: Verordening op Beheer van Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop, 2013, genoem.

BYLAE
Handelsure vir gelisensieerde binneverbruikpersele

Liggingskategorie en tipe gelisensieerde perseel	Maksimum toegelate handelsure
1. Residensiële area	
Gasteakkommodasie-onderneming	11:00 – 23:00
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub, uitgesonder spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
Hotel	11:00 – 02:00 die volgende dag
Casino	
2. Plaaslike of buurtsake-areas waaronder gemengdegebruikareas	
Gasteakkommodasie-onderneming	11:00 – 23:00
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub, uitgesonder spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	11:00 – 24:00
Hotel	11:00 – 02:00 die volgende dag
Casino	
3. Algemene sake-area	
Gasteakkommodasie-onderneming	11:00 – 02:00 die volgende dag
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub, uitgesonder spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
Hotel	
Casino	
4. Nywerheidsarea	
Sakeperseel	11:00 – 02:00 die volgende dag
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub, uitgesonder spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
5. Landbou-area	
Gasteakkommodasie-onderneming	11:00 – 02:00 die volgende dag
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub, uitgesonder spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
Wynmakery	
Hotel	
6. Kleinhoewe of landelike area	
Gasteakkommodasie-onderneming	11:00 – 24:00
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub, uitgesonder spesiale geleenthede waarvoor tydelike lisensies benodig word	
Wynmakery	

7. Ander ad hoc-plekke	
Voertuie of mobiele ondernemings wat vir toeriste- of vermaaklikheid- of ontspanningsdoeleindes gebruik word volgens die omskrywing van 'perseel' in artikel 1 van die Wet, behalwe waar goedkeuring kragtens die Stad Kaapstad: Verordening op Spesiale Geleentheid anders bepaal	11:00 – 24:00
Spesiale geleentheid of tydelik-geliseniseerde perseel	Soos bepaal deur Stad Kaapstad se geleentheidsperrmit wat kragtens die Stad Kaapstad se Geleentheidbeleid toegestaan en deur die betrokke subraad goedgekeur is
8. Kaapstad Internasionale Lughawe	
Beperk tot die vertrekarea vir internasionale passasiers	00:00 – 24:00

Let wel: Bepaling van tersaaklike liggingskategorie

Waar die liggingskategorie soos hierbo uiteengesit, onduidelik is of betwis word of moeilik bepaalbaar is of waar areas nie eenvormig gesoneer word nie (bv. 'n sakegesoneerde perseel in die middel van 'n residensiële area), sal die werklike sonering, vergunning of afwyking van gebruiksregte van die onderhawige geliseniseerde perseel voorrang geniet ten einde die kategorie te bepaal.

ISIXEKO SASEKAPA: UKULAWULWA KWEENDAWO EZITHENGISA UTYWALA EKUHLALENI, 2013

WAPHUNYEZWA LIBHUNGA NGOMHLA WE-4 DISEMBA
2013, C58/12/13



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

THIS CITY WORKS FOR YOU

UMthetho kaMasipala wokuLawulwa kweNdawo eziThengisa uTywala ekuHlaleni: wesiXeko saseKapa, 2013

Ukubonelela ngolawulo kwiindawo ezithengisa utywala ekuhlaleni kuqukwa ukulawula amaxesha okuthengisa ngenjongo yokuqinisekisa imeko-bume esingqongileyo ekhuselekileyo nesempilweni kwisiXeko saseKapa; kunye nokubonelela imicimbi enxulumene noku.

Intshayelelo

NANGONA umasipala enokuthi, ngokwemigaqo yecandelo 156 loMgaqosiseko, aqulunqe ze alawule imithetho kamasipala elungiselelwa ukulawulwa ngokukuko kwemicimbi anelungelo lokuyilawula

NANGONA iyinjongo yesiXeko ukumisa amaxesha okuthengisa nezicwangciso zokunyanzelisa ukulawulwa kweendawo ezineelayisenisi, amashishini okanye izirhoxo ezithengisa utywala ekuhlaleni nezifumaneka kwimimandla ephantsi kolawulo lwesiXeko saseKapa;

KWAYE NJENGOKO KUNJALO NGOKU, KUMISELWA liBhunga lesiXeko saseKapa, ngolu hlobo:–

INGUQULELO

linkcazelo

1. Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kokuba umxholo ubonisa ngolunye uhlobo –

“ummandla wezolimo” kuthethwa ummandla ocandelwe ubukhulu becala ezolimo okanye naluphi na ulwahlulo olunenjongo yokukhuthaza nokhuseleko lomsebenzi wezolimo kwifama njengomthombo woqoqosho, wokusingqongileyo nowenkubeko obalulekileyo, nalapho kukho amalungiselelo alinganiselweyo emisebenzi engeyiyo eyolimo kubanini-mhlaba abanamathuba okwandisa ubuchule babo kwezoqoqosho kwiipropati zabo, ngaphandle kokubangela impembelelo engathandekiyo kwimithombo esisiseko yezolimo;

“igosa eligunyazisiweyo” kuthethwa umsebenzi weCandelo loLawulo lezoKhuselo noKhuseleko; weCandelo loNyanzeliso-mthetho nokuThotyelwa kwemiqathango yoTywala yaye kuqukwa naliphi na elinye igosa eligunyaziselwe ukunyanzelisa imiqathango yalo mthetho kamasipala;

“iindawo zoshishino” kuthethwa indawo apho kuqhutywa khona ushishino kwaye kungaquka iresty, iphabhu, ibhari okanye ithaveni okanye ezinye izakhiwo ezisetyenziselwa ushishino olufana nolu, kodwa kungabandakanywa indawo yolonwabo, indawo yokuhlalisa iindwendwe, ihotele, iindawo zamaqela ezemidlalo kunye neziko loluntu;

“iindawo yokungcakaza” kuthethwa indawo yokungcakaza njengoko ichaziwe kuMthetho weSizwe wokuNgcakaza, ka-2004 (uMthetho onguNomb.7 ka-2004) kwaye kuquka ihotele, iindawo zoshishino, indawo yokusingathela amatheko, indawo yolonwabo okanye elinye iziko

lokuzonwabisa okanye indawo enomtsalane kubakhenkethi ibe yinxalenye yodederhu lwamashishini;

“isiXeko” kuthethwa isiXeko saseKapa, umasipala owasekwa ngokweSibhengezo sokuMiselwa kwesiXeko saseKapa Nomb. 479 somhla wama-22 Septemba ka-2000, esakhutshwa ngokwemigaqo yoMthetho weziGqeba zikaMasipala: kubuRhulumente beNgingqi, 1988, okanye nawuphi umbutho okanye umsebenzi wesiXeko osebenza ngokwamagunya awanikezelweyo;

“isaziso sokuthobela” kuthethwa umyalelo obhaliweyo wegosa eligunyazisiweyo njengoko uchaziwe kwicandelo le-7;

“iBhunga” kuthethwa iBhunga loMasipala wesiXeko;

“ummandla woshishino jikelele” kuthethwa ummandla oandelwe ubukhulu becala ushishino jikelele okanye naluphina olunye ucando olufana nolo, ngenjongo yokukhuthaza umsebenzi wezoqoqosho kwizithili zoshishino nemimandla yophuhliso, yaye kuqukwa indawo ebanzi yosetyenziso-mhlaba efana namashishini, iindawo zokuhlala nemisebenzi yasekuhlaleni

“indawo yokuhlala iindwendwe” kuthethwa iindawo ezisetyenziswa njengendawo yokuhlala yethutyana, yaye kubandakanywa amalungiselelo okutya kwezo ndwendwe zidlulayo ngentlawulo yaye kubandakanywa nendawo yokuhlala yoonothwal’impahlana, indawo yokulala nesidlo sakusasa, indlu yeendwendwe kunye nefama yeendwendwe okanye iloji, kunye namaziko eentlanganiso zoshishino, aweenkomfa, amatheko okanye iiseshoni zoqeqesho kwabo bahlala apho njengeendwendwe kodwa oku kungayibandakanyi ihotele,

“ihotele” kuthethwa indawo esetyenziswa njengendawo yokuhlala yethutyana yeendwendwe ezidlulayo nalapho kubonelelwa ngendawo yokuhlala okanye izidlo ngenjongo yembuyekezo, kwaye kuqukwa –

- (a) iresty eyinxalenye yehotele;
- (b) amaziko enkomfa kunye nawolonwabo ancedisa nasebenzisana kwimisebenzi ephambili yalo ndawo enjengehotele; kunye
- (c) neendawo ezinempepha-mvume zokuthengisa utywala obuselwa apho kwipropati,

kodwa kungabandakanywa indawo ethengisa utywala obuthi buselelwe kwenye indawo, indawo elungiselelwe iindwendwe, indlu ekuhlalwa kuyo okanye iyunithi eyindawo yokuhlala –

“ummandla wemizi-mveliso” kuthethwa ubukhulu becala indawo eandelwe imizi-mveliso jikelele okanye naluphi na ucando lomhlaba olulungiselelwe ushishino, ngenjongo yokujongana neemfuno zizonke zoshishino kubandakanywa neendawo zemizi-mveliso kunye nezimelene nazo, kodwa zingabandakanyi umsebenzi owonakalisayo okanye onobungozi;

“umnini wephepha-mvume” kuthethwa umntu onempepha-mvume lokuthengisa utywala ngokwemigaqo yoMthetho kwaye kubandakanywa umphathi onoxanduva lokulawula ishishini naye olawulwa yimisebenzi efana nale, izinyanzeliso nothatho-xanduva njengomnini wephepha-mvume;

“utywala” kuthethwa utywala njengoko buchaziwe kuMthetho;

“amashishini engingqi okanye ummandla wamashishini asebumelwaneni” kuthethwa indawo ubukhulu becala eandelwe ushishino okanye imisebenzi exubileyo okanye naluphi na ulwahlulo olulungiselelwe ushishino olungenarhwebo lungako kunye nophuhliso lwemisebenzi exubileyo olujongana neemfuno zasekuhlaleni kwamashishini athengisa izinto eziyimfuneko, inkonzo eyeyakho okanye amashishini asakhasayo okanye lawo asebenza njengesixokelelwano phakathi kwamashishini jikelele, iindawo zemizi-mveliso neendawo zokuhlala ezimelene nazo;

“indawo ethengisa utywala bungaselelwa kuyo” kuthethwa indawo yoshishino nalapho umnini wephepha-mvume ethengisa utywala obuza kuselelwa kwindawo engeyiyo le yeshishini;

“indawo ethengisa utywala buselelwe kwakuyo” kuthethwa indawo yoshishino nekwayindawo apho kuthengiswa utywala buselelwe kwakhona;

“itheko eliququzelelweyo” kuthethwa umbhityozo, itheko okanye umsitho ofana nalo owenziwa kwindawo enephepha-mvume;

“umntu” kuthethwa umntu oyedwa ngokwendalo nomntu ngokwasemthethweni;

“indawo yolonwabo” kuthethwa indawo esetyenziselwa ubukhulu becala urhwebo lwendawo yokuzonwabisa enokutsala umdla wentlaninge yabantu, kusetyenzwa ngaphandle kwamaxesha omsebenzi esiqhelo okanye indawo enengxolo ebangelwa ngumculo wezandisi-zandi okanye umculo waseqongeni okanye indawo yokuzonwabisa rhoqo kwaye iquka isinema, indawo yemiboniso, ipaka yokuzonwabisa, iholo yomdaniso, iholo enezixhobo zemithambo, umatshini obala imali yobekelo eyabelwa abaphumeleleyo (totalisator) okanye iziko lokubheja ngemali, iholo yokungcakaza, ibhari yekariyoke kunye nendawo yolonwabo evula ebusuku (nightclub), kodwa ayibandakanywa indawo yokungcakaza ngemalisiness enerate;

“isiqinisekiso senani labantu” kuthethwa isiqinisekiso esilungiselelwe ukuthintela nokulawula abantu abaninzi ngokugqithisileyo njengoko kuchaziwe kuMthetho kaMasipala wesiXeko saseKapa ophathelene noKhuseleko kwiMililo ekuHlalani, 2002;

“indawo yokuhlala” kuthethwa indawo apho ubukhulu becala ecandwe njengendawo yokuhlala ngokungamiselekanga, indawo yokuhlala enesiza esinye okanye indawo yokuhlala uluntu jikelele okanye nakuphi na okanye ukucandwa okufana noku, ngenjongo yokulungiselela ubukhulu becala izindlu zokuhlala usapho olunye kwiindawo zobumelwane obungenangxinano ukuya kwiindawo zobumelwane ezingenangxinano ingako, ngokunjalo neendawo zokuhlala kubumelwane obunengxinano emandla neziquka amathuba alawulwayo engqesho yasemakhaya, iindawo ezongeziweyo zokuhlala kunye nophuhliso lwemisebenzi exubeneyo ekwinqanaba eliphantsi;

“ukuthengisa” kuquka –

- (a) ukubonelela, ukutshintshelana, ukunikela ngentengiso, ukuvelisa ngenjongo yokuthengisa okanye;
- (b) ukugunyazisa, ukuyalela okanye ukuvumela intengiso, ubonelelo, utshintshelwano, ukunikela ngentengiso okanye ukuvelisa ngenjongo yokuthengisa; ukuze kutshintshelwane ngemali okanye ngalo naluphi olunye uhlobo lokuqwalasela; yaye **“intengiso”** kunye **“ithengisiwe”** zinentsingiselo ehambelanayo

“imihlatyana okanye imimandla yasemaphandleni” kuthethwa indawo ubukhulu becala ecandelwe amaphandle okanye naluphi na ucando olufana nolo ngenjongo yokulungiselela iipropati ezincinci zasemaphandleni ezinokuthi zisetyenziselwe iinjongo zolimo, kodwa zisenokusetyenziswa njengeendawo zokuhlala ikakhulu kwiindawo ezisemaphandleni okanye ezifama;

“iwayini ehwahlwazayo” kuthethwa iwayini ebilayo eveliswa kukuvundiswa kweediliya, nokuba nokuba kungendlela yendalo okanye inkqubo yobuchwepheshe, kwaye kubandakanywa iWayini elephuza amagwebu (iTshampeyini);

“amaziko emidlalo nawoluntu” kuthethwa iindawo okanye iziko elisetyenziselwa iindibano zoluntu okanye imibutho yabahlali okanye amaqumrhu, amaqela ezemidlalo okanye amanye amaqela oluntu okanye olonwabo angasebenzeli ubukhulu becala ingeniso kwaye kubandakanya amaziko enkonzo yasekuhlaleni kunye namaziko oluntu okanye amaziko aluncedo afanayo, kodwa kungaqukwa indawo yolonwabo evula ebusuku;

“urhwebo ngokusesikweni” kuthethwa iintsuku zokurhweba namaxesha okurhweba njengoko kuchaziwe kwicandelo le-4 nele-5 alo Mthetho kaMasipala, yaye alubandakanyi iintsuku namaxesha ongeziweyo okurhweba anokuphunyezwa sisiXeko ngokwemigaqo yecandelo le-6 lalo Mthetho kaMasipala;

“isaziso sokurhoxisa” kuthetha isaziso esibhaliweyo sokurhoxisa iintsuku namaxesha ongeziweyo okurhweba ngotywala njengoko kuchaziwe kwicandelo le-8;

“ibhungana” kuthethwa isigqeba esincinane sezopolitiko seBhunga nesigunyaziselwe amagunya noxanduva oluthile lweBhunga;

“uMthetho” kuthethwa uMthetho olawula uTywala weNtshona Koloni, 2008 (uMthetho onguNomb. 4 ka-2008);

“indawo eyenza iwayini” iquka iindawo okanye amaziko asetyenziswa ukuvelisa iwayini kwaye loo ndawo okanye amaziko aquka amaziko okumfaxanga idiliya kunye nokuvundiswa kwanokugcinwa ixesha kwediliya, amagumbi okungcamlela, amagumbi aneentsuba nokugcina iwayini, amagumbi okufaka ezibhotileni, amagumbi aneetanki, iilabhoratri okanye ii-ofisi kunye namanye amaziko ancedisayo nawongeziweyo ancedisa kumsebenzi wokuveliswa kwewayini, nanokubandakanya–

(a) iresty nezinye iinkonzo zokutya; okanye

(b) amaziko ancedisayo kwintengiso abonelela abakhenkethi okanye iindwendwe; kunye

“umhlaba ocandiweyo” kuthethwa umhlaba ocandiweyo ngokwemeko leyo ngokungqinelana neMiqathango yeNkqubo yokuCandwa koMhlaba yesiXeko saseKapa; kwaye “ukucandwa” kunentsingiselo ehamba nale.

Ukusetyenziswa

2. Lo Mthetho kaMasipala usebenza kubantu abaneemphepha-mvume zokuthengisa utywala ekuhlaleni kwimimandla ephantsi kolawulo lwesiXeko.

UThintelo Jikelele

3. Akukho mntu unokuthengisa utywala ekuhlaleni ukuze buselelwe kwalapho okanye buselelwe ngaphandle –

(a) ngaphandle kweentsuku namaxesha amiselwe sisiXeko; yaye

(b) ngaphandle kwephepha-mvume lotywala elisemthethweni elikhutshwe njengoko kuchaziwe kuMthetho .

AMAXESHA OKURHWEBA NGOKUSESIKWENI

IiNdawo ethengisa uTywala buSelelwe kwakuyo

4. (1) Umnini wephepha-mvume unakho ukuthengisa utywala ukuba buselelwe kwindawo enephepha-mvume lokuthengisa ngezi ntsuku namaxesha alandelayo:

(a) ngalo naluphi usuku lweveki; kunye

(b) nangamaxesha okuthengisa amiselwe kwiShedyuli.

(2) Umntu onephepha-mvume unakho ukuvumela abathengi ukuba bagqibe ukusela utywala kwakulo ndawo buthengiswa kuyo ngexesha kungavunyelwanga ukuthengiswa kotywala ngulo Mthetho kaMasipala, kodwa akunakuvunyelwa ukuselwa kobo tywala ngaphakathu kwindawo leyo ethengisa utywala imizuzu engaphezu kwengama-30 emva kwexesha elivunyelwe ngulo Mthetho kaMasipala.

(3) Nangona kumiselweyo kulo Mthetho kaMasipala, umntu onephepha-mvume njengoko kuchaziwe kwicandelwana (1), uvumelekile ukuthengisa iwayini ehhlwahlwazayo kwiindwendwe eziyinxalenye yethoko eliququzelelweyo nalapho ukungena kulawulwayo –

(a) ukususela ngentsimbi ye-08h00 ukuya ngeye-11h00 iintsuku ezisixhenxe ngeveki; kunye

(b) najengenxalenye yesidlo.

(4) Ihotele okanye indawo yeendwendwe eneempepha-mvume zokuthengisa utywala ukuze buselelwe kwalapha, inakho ukubonelela ngendawo yokungena ebharini engaphakathi kwigumbi ngalinye labucala okanye egumbini ukonwabisa iindwendwe ezikwelo gumbi labucala.

Indawo ethengisa utywala bungaselelwa kuyo

5. Umntu onephepha-mvume unakho ukuthengisa utywala ukuze buselelwe kwenye indawo ngalo naluphi usuku lweveki ukususela ngentsimbi ye-09:00 ukuya ngeye-18:00, ngaphandle kwangeeCawa.

AMAXESHA ANDISIWEYO OKURHWEBA

Isicelo sokongezwa kweentsuku namaxesha okuthengisa utywala

6. (1) Ngokuxhomekeke kwimiqathango yecandelwana (5),(6) nele-(7) nawuphi umnini wephepha-mvume esakuhlawula umrhumo ofunekayo, angangenisa isicelo esibhaliweyo kwisiXeko sokwandisela iintsuku namaxesha okuthengisa utywala kulo ndawo inephepha-mvumeection .

(2) IsiXeko singasiphumeza, singasilungisa okanye singasikhaba isicelo sokwandiswa kweentsuku namaxesha okuthengisa utywala kwindawo ekuthengiswa utywala buselelwe kwakhona nakuleyo ithengisa utywala buselelwe kwenye indawo.

(3) Isicelo sokwandiswa kweentsuku namaxesha okurhweba ngotywala asivuselelwa ngokuzenzekelayo kwaye –

(a) masingeniswe kwisixeko ukuze siqwalaselwe rhoqo ngonyaka; yaye

(b) sinokuphunyezwa sisiXeko, ngokuxhomekeke ekumiselweni kwemiqathango yeentsuku namaxesha ongeziweyo okurhweba ngotywala.

(4) Akukho sicelo siya kuqwalaselwa okanye siya kujongelwa ukuphunyezwa sisiXeko ngexesha eliqala ngomhla woku-1 Disemba nophela ngowe-15 Janyuwari wonyaka olandelayo.

(5) Akukho mnini wephepha-mvume lendawo ethengisa utywala buselelwe kwalapho ekudidi 1, 2 nolwe-6 kwiShedyuli uvumelekileyo ukwenza isicelo sokwandiswa kwamaxesha okuthengisa utywala.

(6) IsiXeko sinakho ukusiphumeza, ukusilungisa okanye ukusikhaba isicelo sokwandiswa kwamaxesha okurhweba ngotywala –

(a) ukuya kuma ngentsimbi ye-04:00, ngosuku olulandelayo kwindawo ethengisa utywala obuselelwa kwalapho kulo ndawo ekudidi lwe-3 ukuya kwele-5 kwiShedyuli; kunye

(b) nokuya kuma gentsimbi ye-20:00 kwindawo ethengisa utywala bungaselelwa khona ukususela ngoMvulo ukuya ngoMgqibelo.

(7) IsiXeko sinakho ukusiphumeza, ukusilungisa okanye ukusikhaba isicelo sokuthengisa ngeCawa phakathi kwentsimbi ye-11:00 ukuya ngeye-18:00 kwindawo ethengisa utywala bungaselelwa khona.

(8) Akukho malungelo ongezelelekayo kuye nawuphi umni wephepha-mvume ongenise isicelo sokwandiswa kweentsuku namaxesha okuthengisa utywala phambi kokuba afumane ubungqina besiphumezo esibhaliweyo kwisiXeko ngulo mnini wephepha-mvume.

(9) IsiXeko kufuneka, ngaphambi kokuphumeza isicelo sokwandiswa kweentsuku namaxesha okurhweba, siqwalasele ngokufanelekileyo nangobulungisa ezinye iinkalo ezinokuquka, *phakathi kwezinye izinto* –

(a) ukuba semthethweni kwephepha-mvume lokuthengisa utywala;

(b) xa kufanelekile, ukuba semthethweni kwephepha-mvume leshishini elikhutshwe ngokwemigaqo yoMthetho olawula amaShishini ka-1991 (uMthetho onguNomb. 71 ka-1991);

(c) udidi lwendawo ngokungqinelana neShedyuli;

(d) ukumiswa, ukulungiswa nokurhoxiswazi kwangaphambili kweentsuku namaxesha andisiweyo okurhweba kuqukwa neenkukacha zangaphambili zezikhalazo ezaphandwayo nezaqinisekiswa ngokubhekiselele kwiinyanga ezilishumi elinambini ezidlulileyo ezandulela isicelo sangoku sokwandiswa kwamaxesha neentsuku zokurhweba;

(e) ukuba kufuphi kwendawo enephepha-mvume kwingingqi ecandelwe indawo yokuhlala, kumaziko enkubeko, enkolo kunye nawemfundo;

(f) isiphumo sothethwa-thethwano ekuhlaleni kunye nesindululo esenziwe kwiwadi efanelekileyo;

(g) impembelelo enokubakho kwimeko-bume engqongileyo;

- (h) nokuba ingaba kungemfuno yoluntu ukuphumeza nokunikezela ukwandiswa kwamaxesha neentsuku zokurhweba ngotywala; okanye
 - (i) isiphakamiso esenziwa ngumfaki-sicelo esijongene nempembelelo koku –
 - (i) imingcipheko neenkathazo kuluntu olukufuphi;
 - (ii) amanyathelo okucutha oku kuncediswa ekulawuleni imingcipheko neenkathazo; kunye
 - (iii) iinzuzo ezinokubakho ngamaxesha neentsuku ezandisiweyo zokurhweba ngotywala kuluntu olungqongileyo.
- (10) Isiseko nengqiqo ezikhokela zonke iimeko zokwenziwa kwezigqibo mazibhalwe phantsi.

ISaziso sokuThobela imiqathango

7. (1) Igosa eligunyazisiweyo linakho ukukhupha isaziso sokuthobela imiqathango kumnini wephepha-mvume ngalo ndlela liyalela lowo unephepha-mvume ukuba athobele imiqathango yalo Mthetho kaMasipala.

(2) Isaziso sokuthobela masichaze oku–

- (a) ukophulwa kwemigaqo namanyathelo okulungisa alindelweyo kolo lwaphulo-mthetho;
- (b) ixesha elimisiweyo apho umnini wephepha-mvume kumele ukuba alungise ukwaphulwa komthetho yaye athobele nawo nawuphi umyalelo osemthethweni oqulethwe kwisaziso sokuthobela imiqathango; kunye
- (c) neziphumo zokungaphumeleli ukuthobela imiqathango ekwimihlathi (a) no-(b).

(3) Umnini wephepha-mvume uya kuba wophula umthetho ukuba lowo unephepha-mvume akaphumeleli ukuthobela imiyalelo equlethwe kwisaziso sokuthobela imiqathango.

UkuMiswa, ukuLungiswa nokuRhoxiswa kweentsuku namaxesha andisiweyo okuThengisa uTywala

8. (1) Igosa eligunyazisiweyo linakho–

- (a) emva kokuphela kwexesha elimisiweyo elichaziweyo kwisaziso sokuthobela imiqathango; kunye
- (b) naxa kusakunikezelwa isaziso sokumiswa kumnini wephepha-mvume kwangoko makurhoxiswe amaxesha neentsuku ezongeziweyo zokurhweba ngotywala ubuninzi isithuba seentsuku ezi-7 zomsebenzi.

(2) Isaziso sokurhoxisa kufuneka–

- (a) sichaze ngokucacileyo izizathu namaxesha amisiweyo ekuza kusebenza ngazo oko kurhoxiswa kwamaxesha neentsuku ezandisiweyo zokurhweba ngotywala; kwaye

(b) sichaze ngokucacileyo ibhungana ekuya kuxelwa kulo oko kurhoxswa.

(3) Igosa eligunyazisiweyo malichaze kwangoko oko kumiswa ngokubhaliweyo, kwibhungana elifanelekileyo lalo ngingqi ikwisiXeko, lichaza ngokunezizathu inkqubo ekhokelele kwisigqibo sokukhupha eso saziso sokumiswa kumnini wephepha-mvume.

(4) Inkqubo echazwe kwicandelwana (3) linokuquka –

(a) ukwaphulwa kwemiqathango yalo Mthetho kaMasipala; kunye

(b) nokungaphumeleli ukuthobela isaziso sokuthobela imiqathango.

(5) IBhungana –

(a) maliqwalasele ingxelo yokumiswa yegosa eligunyazisiweyo;

(b) malivumele umnini wephepha-mvume ukuba enze inkcaza ebhaliweyo;

(c) maliqinisekise, lilungise okanye lisirhoxise isigqibo segosa eligunyazisiweyo sokumisa iintsuku namaxesha andisiweyo okurhweba kulo ndawo inephepha-mvume;

(d) linokulungisa okanye lirhoxise kwangoko iintsuku namaxesha andisiweyo okurhweba, yaye

(6) IBhungana malithi kwangoko lazise umnini wephepha-mvume ngokubhaliweyo ngaso nasiphi isigqibo namanyathelo athathiweyo ngokungqinelana necandelwana (5).

